| Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging | Posbus 902<br>HARTENBOS<br>6520 |
| --- | --- |
| **Hartenbos Vakansiedorp**<br>**Huiseienaars Vereniging**<br>**...vir die lede** | **Tel : 071 784 5275**<br>E-pos: status1@status-mark.co.za<br>www.hartenboshuiseienaars.co.za |



# NUUSBRIEF

# FEBRUARIE 2026

Geagte Huiseienaars,

Die jaar 2026 het reeds sy loop geneem en hiermee wil die Bestuur elkeen van u 'n geseënde en voorspoedige nuwe jaar toewens.

Dit is vir die bestaande Bestuurslede wat aanbly, sowel as die nuutverkose Bestuurslede, 'n voorreg om die Vakansiedorp namens u en met u volgehoue deelname te bestuur.

Bestuur wil graag die volgende met u deel:

## 1. Algemene Jaarvergadering – Desember 2025

Baie dankie aan almal wat die Algemene Jaarvergadering van 2025 bygewoon het en daartoe bygedra het dat dit 'n sukses was. Ongeag verskille en uiteenlopende menings wat geopper is, kon daar saam - tot voordeel van al 403 huiseienaars - belangrike oplossings gevind en besluite geneem word.
Die notule van die vergadering sal mettertyd aan lede beskikbaar gestel word.

## 2. Verantwoordelikhede van Bestuur

Bestuur het besluit om die bestaande dienskontrakte met Smhart Security en Dirkie Tuindienste vir 'n verdere jaar te hernu.

Die bestaande versekering sal ondersoek en, indien nodig, aangepas word.

’n Kontrakteur sal weer aangestel word om die paaie te onderhou soos uiteengesit in die goedgekeurde 10-jaar instandhoudingsplan.
Kwotasies word tans verkry vir die opgradering van bestaande sekuriteitskameras, asook die aanbring van addisionele kameras soos tydens die Algemene Jaarvergadering van 2025 bespreek.

Die aanstelling van die Oordbestuurder sal verder ondersoek word om te bepaal of sy dienste afgeskaal moet word en/of steeds in die huidige formaat benodig word.

**3. Bestuurslede vir 2026**

Drie nuwe lede is tot die Bestuur verkies en drie bestaande lede bly aan. Hartlik geluk aan elkeen en baie welkom in die Bestuursgroep. Ons sien uit na goeie samewerking tot voordeel van alle HVHV-lede.
Dit is jammer dat mnre. Steyl en Pretorius, wat as Bestuurslede genomineer was, nie aangestel kon word nie aangesien hulle, ingevolge die gewysigde klousule van die Grondwet, nie eienaars is nie. Dankie vir u bereidwilligheid om diens te lewer.
Mnr. Pieter Kotzé is op die Bestuursraadsvergadering op 5 Januarie 2026 as Bestuurslid gekoöpteer om behulpsaam te wees met Dalmanuthalaan - bou van nuwe pad, die Radynstraat stormwater probleem om ten einde ‘n oplossing te vind.
Me Karen Taljaard wat op die algemene jaarvergadering verkies is as bestuurslid het ook haar bedanking ingedien, ons wens haar alle sterkte toe vorentoe.

Die Bestuurslede en hul portefeuljes is as volg:

- **Frans Stapelberg** - Voorsitter | Finansies
- **Lynette le Roux** - Ondervoorsitter | Reëls en klagtes van lede
- **Kobus Burger** - Lid | Kommunikasie met lede
- **Gideon Knoetze** - Lid | ATKV en Munisipaliteit
- **Pieter Kotzé** - Lid gekoöpteer

**Mnr. Sias Koen**, die Oordbestuurder, sal bouplanne hanteer waar moontlik. Indien verdere leiding benodig word, sal sake na die Bestuursraad verwys word. Hy bly ook verantwoordelik vir die daaglikse operasionele verpligtinge.

**4. Grassnydienste**

Die nuwe grassnyprogram is op die webwerf beskikbaar vir lede se kennisname.

Lede bly self verantwoordelik vir die sny of snoei van bome op hul erwe. Let asseblief daarop dat Melkhoutbome beskermde bome is en nie sonder ’n permit gesnoei of verwyder mag word nie. ’n Permit moet by die Departement van Bosbou verkry word.

Enige klagtes rakende die grassnykontrakteur of sy personeel moet nie persoonlik met hom opgeneem word nie, maar asseblief via Status Mark aan Bestuur gerapporteer word.

**5. Sekuriteit**

Sekuriteit is 24 uur per dag teenwoordig in die Vakansiedorp:

- Twee beamptes gedurende die dag
- Twee beamptes gedurende die nag

Vir spoedige reaksie kan sekuriteit gekontak word by:

- **064 847 9585**
- **063 514 7011**

Die Smhart WhatsApp-groepe vir Strydomsoord, Karoodorp en Terrein 194 is uitsluitlik vir HVHV-lede en slegs vir nood- en dringende kommunikasie. Dit mag nie gebruik word vir advertensies of om die sekuriteitsmaatskappy in 'n negatiewe lig te stel nie. Klagtes moet via Status Mark aan Bestuur gerapporteer word.

**Vullissakke:**
Vullissakke word drie-maandeliks deur die Munisipaliteit voorsien en deur sekuriteit in ontvangs geneem.
Permanente inwoners sal die sakke so spoedig moontlik daarna ontvang en moet daarvoor teken.
Elke huishouding is geregtig op **een pak vullissakke per drie maande**.
Vakansiegangers kan op **Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 09:00 en 11:00** met sekuriteit reël vir aflewering.
Hierdie reëling help om onnodige rondryery te voorkom.

**6. Dalmanuthalaan en Radynstraat**

Bestuur is tans besig om verskeie regsopinies in te win sodat die nodige prosesse aan die gang gesit kan word om die bou van die nuwe pad in Dalmanuthalaan, asook die stormwaterprobleem in Radynstraat aan te spreek. 'n Regsfirma is tot op hede nog nie aangestel om die werk te behartig nie. Vergaderings met die raad van die ATKV soos op die jaarvergadering belowe het reeds plaas gevind en nog n opvolg vergadering is geskeduleer oor twee weke met ATKV se hoofkantoor. 'n Vergadering met die Burgermeester en die Munisipaliteit is ook belê vir die eerste week in Maart 2026.

**7. Beleid : Proses vir die indien van klagtes deur HVHV Lede teen HVHV Lede**

Ondersoek word ingestel na ‘n proses vir die indien van klagtes deur HVHV Lede teen ander HVHV Lede. Die uitgangspunt is om billikheid en regverdigheid tussen lede te verseker.
Die denkwyse is dat klagtes skriftelik rapporteer word en geen telefoniese of mondelinge klagtes aanvaar word nie. Selfs in dringende gevalle moet die klaer skriftelike dokumentasie verskaf.
Op ontvangs van ‘n skriftelike klagte word die klagte skriftelik met beweerde oortreder/skuldige Lid bevorder vir sy repliek. Op ontvangs van repliek vind ‘n evaluering plaas om te bepaal watter wyse die Bestuursraad sal volg om diie aangeleentheid af te handel.

**8. Brande en Droogte**

Die verwoestende brande in die Oos- en Wes-Kaap is aan almal bekend, en saam daarmee bevind ons onsself in ‘n ernstige droogte. Lede word dringend versoek om hul eiendomme teen brandgevaar te beskerm en water uiters spaarsamig te gebruik.

**9. Waterbeperking**

Soos u bewus is, is daar waterbeperkings deur die Munisipaliteit van Mosselbaai ingestel. Die gebruik van besproeiingstelsels word in geheel verbied. Dit word egter nog opgemerk dat daar van die Lede se besproeiingstelsels aankom. Geliewe die nodige reëlings te tref dat besproeiingstelsels afgeskakel word ten einde boetes deur die Munisipaliteit te voorkom.

**10. Finansies en Begroting 2026**

Kennis geskied hiermee dat die gewysigde operasionele en kapitale begroting gefinaliseer is en op die webblad van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging beskikbaar gestel is.

**Vriendelike groete**
**HVHV Bestuur**